| Centre Number | Candidate Number | Name |
|---|---|---|
| | | |

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE **0548/02,0556/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2005

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.
No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen in the spaces provided on the Question Paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

| For Examiner’s Use | |
|---|---|
| **Part 1** | |
| **Part 2** | |
| **Part 3** | |
| **TOTAL** | |

This document consists of **16** printed pages and **4** blank pages.

SP (SJF3557) S82269/4
© MBESC Namibia 2005
UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations



www.theallpapers.com

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1–6**

Beantwoord vrae 1–6 deur vir die antwoorde uit die volgende resensies oor boeke te soeklees.

***Palmwyn***
**Adriaan van Dis**

As Susan Courtland ná vele omswerwinge op 'n Wes-Afrika-eiland beland, is sy eensaam, 'n buitestaander. In haar kennismaking met die lot van die eilandbewoners begin vir haar die laaste, belangrikste reis: na betrokkenheid by die lot van ander. Vertaal deur Abraham H. de Vries.

***Mafoiings op Verneukpan***
**Elias P. Nel**

In sy kortverhaalbundel is bygelowe die tema. Hy dink terug aan sy kinderdae en herroep die mafoiings of manewales wat onheil aantrek: As jy jou voete onder sand begrawe of kamma begrafnis hou, sterf iemand in die familie. Dis heerlike kontreikuns wat nog lank ná die lees 'n vonkel in die oog of 'n glimlag op die lippe laat.

***Met 'n ompad***
**Berna Ackerman**

'n Ma en joernalis, wie se man pas werk gekry het in die verre Ethiopië ná sy afdanking vroeër die jaar, vind uit dat haar dogter ly aan erge nierversaking en die soektog na 'n geskikte skenker begin onderwyl huis en haard alleen bestuur moet word.

***Breek***
**Barrie Hough & Lizz Meiring**

'n Moderne studenteverhaal met sy wortels diep in die *issues* wat nog deeglik by vandag se twintigplussers spook.

***Stoornis***
**Nini Bennet**

Die skryfster sit hier dikwels skokkend ekonomies haar vinger op 'n seerplek, 'n "stoornis" in haar uiteenlopende karakters se lewens.

***Hotel Atlantis***
**Koos A. Kombuis**

Dis die jaar 2012. Die wêreld is 'n donker, gevaarlike plek. 'n Skrywer en sy hond bevind hulle op 'n Landroverreis teen die Weskus op. Hy is op soek na inspirasie nadat die uitgewers sy mees onlangse romanmanuskrip afgekeur het. Hy word ingesleep in die vrese en intriges van 'n klein groepie desperate mense wat wegkruip vir die einde van die aarde op 'n klein dorpie met die naam Salem.


www.theallpapers.com

For Examiner's Use

1 Watter boek is oorspronklik in 'n ander taal geskryf?

............................................................................................................................... [1]

2 Watter verhaal speel in die toekoms af?

............................................................................................................................... [1]

3 Watter skrywer het kortverhale oor die herinneringe van sy kinderjare geskryf?

............................................................................................................................... [1]

4 In watter verhaal word teer sake in die karakters se lewens aangeraak?

............................................................................................................................... [1]

5 Watter verhaal handel oor tipiese probleme wat die hedendaagse jongmens ondervind?

............................................................................................................................... [1]

6 In watter boek word die krisis van 'n orgaanskenking aangeraak?

............................................................................................................................... [1]

[Totaal : 6]


www.theallpapers.com

For Examiner's Use

**Oefening 2: Vrae 7–10**

Lees die volgende teks en beantwoord vrae 7–10.

Daar is net een sport vir Frank, en dis sokker. Dis 'n spel om te speel en 'n spel om te kyk. In die grondstrate van Botala word jy met 'n bal groot. Hy het in Botala High se span gespeel, maar daar was nooit genoeg tyd vir oefen nie. Vir hom is dit met sokker soos met skryf, of soos in die rekenaarklas. Dit sit sommer op loop met hom.

Ma belet hom baie dinge, maar oor die sokker verstaan sy. Sy het geld gegee toe hy en Bongani Nxumalo in 'n propvol taxi Johannesburg toe is om te kyk hoe die Kameroeners teen Kaizer Chiefs speel. Saam met die skare het hy en Bongi gedans en gesing en trompet geblaas en gejuig.

Hoe nader Frank aan die hospitaal kom, hoe banger word hy. Hoe sal hy vir Ma moed inpraat? Hy sal haar maar van die skool vertel, sy hou daarvan. Partykeer word hy eintlik vies as sy so baie uitvra.

Ma hoef nie te weet hoe erg dit was om daar aan te pas en hoe hard hy nog steeds moet werk om in te haal nie. Maar hy begin nou geheg raak aan sy nuwe skool, aan die ordelike gedruis, die balspelery pouses. Hy moet onthou om dit vir Ma te sê.

Blasend en skurend kom die tweede bus tot stilstand. Frank klim uit en voel die koue wind deur sy klere. Voor hom lê die hospitaal, 'n gebou wat rondom lelik is.

Hy sien nie kans om daar in te stap nie.

(Uit: *Die Duiwe van Botala* – Engela van Rooyen, Tafelberg 1993)

**7** Van watter twee ander dinge, behalwe sokker, hou Frank nog?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

**8** Waarheen is Frank op pad?

.................................................................................................................................... [1]

**9** Wat gaan hy daar doen?

.................................................................................................................................... [1]

**10** Noem twee probleme wat Frank by sy nuwe skool ondervind het.

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

[Totaal : 6]

© MBESC Namibia 2005



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

**BLAAI OM VIR OEFENING 3**



**[Turn over**

www.theallpapers.com

**Oefening 3: Vrae 11–15**

Lees die artikel oor tatoeëermerke en beantwoord vrae 11–15.

# Al die prentjie op my skouer gesien?

**Nuwe gier onder sterre, modelle en kampioene**

**EERS** was dit die handelsmerk van die ruwe manne – die motorfietsbendes, drinkebroers en tronkvoëls.

Maar nie meer nie. Danksy die skoner geslag het tatoeëermerke mode geword, en sommer baie smaakvol en elegant daarby. Op dun vroulike enkels en sagte bo-arms sal jy nie monsters en skedels aantref nie – eerder fyn rosies en motiewe.

Vir die swemmer Penny Heyns is dit as't ware soos water van 'n Springbokkie se rug, want sy het haar twee Olimpiese goue medaljes gewen met 'n parmantige springbokkie wat oor die Olimpiese simbool spring, netjies op haar linkerblad.

Daar is nuwer tatoeëermerk-soorte wat jy kan afwas, maar ons praat van die ware Jakob. Die soort wat met 'n elektriese naald op jou vel aangebring word en wat jy vir die res van jou lewe met jou saamdra.

Maar waar kom die gebruik vandaan om patrone, prente, selfs familiewapens op die vel te tatoeëer? Dis so oud soos die spreekwoordelike berge self – by die vyfduisend jaar. In die vroeë dae het dit 'n man laat uitstaan: dit het hom gevrees en gerespekteerd gemaak.

Die antieke Egiptenare het hulself graag getatoeëer en die Romeine het dit gebruik om hul slawe uit te ken.

Eers teen die middel van die vorige eeu het dit ongewilder geword en gaandeweg is tatoeëermerke geassosieer met die "wilde" manne – die seevaarders, misdadigers en uitvaagsels. Die tekeninge en boodskappe het al meer obseen geword.

Maar nie meer nie. Vandag is tatoeëermerke die in-ding en jy kan kies uit velerlei respektabele, kunstige patrone. Onthou net: tatoeëermerke is vir die dapperes. Die proses is bra pynlik en die merk kan selde verwyder word. Operasies en selfs veloorplantings is dalk nodig.

© MBESC Namibia 2005 

www.theallpapers.com

**11** Wie het tatoeëermerke mode gemaak?

.......................................................................................................................... [1]

**12** Waarom het Penny Heyns nie 'n rosie of 'n voëltjie op haar laat tatoeëer soos modelle nie?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [1]

**13** Noem **twee** soorte tatoeëermerke wat deesdae beskikbaar is.

.......................................................................................................................... [1]

.......................................................................................................................... [1]

**14** Hoe verskil die tatoeëermerke van vroue van dié van die "wilde manne"?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**15** Waarom moet jy goed nadink voordat jy besluit om 'n tatoeëermerkie te kry?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

[Totaal : 8]


www.theallpapers.com

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 16–20**

Lees die leesstuk getitel "Repos ailleurs" en beantwoord vrae 16–20.

# **Repos ailleurs** (die rus is elders)

**DEUR SUZAAN STEYN**

Tannie Annie was wat ons dorpsmense 'n fensie vrou genoem het. Een keer per maand het sy die plattelandse stof van haar hoëhakskoene afgeskud en stad toe gery om haar hare te laat versorg, klere te koop, teater toe te gaan en dinge te doen wat die Kaap soos Hollywood laat klink het. Frans het sy nooit studeer nie, maar dit graag gebruik. Die *joie de vivre* van haar stadsvriende was vars en aansteeklik, *haute couture* het in haar kas gehang en op goeie dae was haar "liewe, vaal" man *mon cheri*.

Wel, wanneer tannie Annie die dag somber geraak het (gewoonlik so 'n week of wat voor sy weer die stad geslaan het), was *repos ailleurs* 'n aanhoudende versugting.

Die rus is elders.

Dan was sy ontevrede met die "nimmereindigende ritme" van die dorp, "vasgevang in die middelmatige voorspelbaarheid" van haar weelderige huis, en was die lewe saam met liewe *Mon Cheri* net een groot stuk verveling – *ennui* !

Nou sou sy heeltyd in haar voordragstem sug: "*Repos, o repos ailleurs*".

Vir haar maatjies het tannie Annie se jongste dan verduidelik van Totius se gedig "Repos ailleurs".

"Dit gaan oor 'n passasier in 'n verbygaande trein," het sy haar ma se dramatiese toon ingeslaan, "wat 'n klein tentjie in die veld sien staan. Hy glo dat hy gelukkig sou wees as hy tog maar net daar in die tentjie 'n eenvoudige aandete by vriendelike kerslig kon eet. Die dogtertjie wat langs die tentjie staan en die passasier in die trein sien verbyflits, glo weer sy sou gelukkig gewees het as sy in sy skoene was."

Eendag bel my ma en sê oom *Mon Cheri* is oorlede.

"En hoe vat tannie Annie dit?" wou ek weet, seker daarvan dat sy nou uiteindelik elders tot haar reg en rus sal kom.

"Ag, kind, sleg," sê Ma. "Die vrou is vol bedroef en verwyt. Sy sê sy sal nou nooit rus kry nie, want haar rus was tog maar eintlik al die tyd by oom *Mon Cheri*."

© MBESC Namibia 2005


www.theallpapers.com

**16** Wat was 'n maandelikse instelling vir tannie Annie en waarom het sy dit gedoen?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

**17** Waarom, dink jy, het sy so graag Franse woorde en uitdrukkings gebruik?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**18** Hoe het tannie Annie se man van haar verskil?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**19** Wie is die digter van die gedig "Repos ailleurs"?

.................................................................................................................................... [1]

**20** Skryf 'n paragraaf van ongeveer 50 woorde oor die ooreenkomste tussen tannie Annie en die karakters in die gedig "Repos ailleurs". Tot watter slotsom kom sy aan die einde?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [4]

[Totaal : 9]

© MBESC Namibia 2005



**[Turn over**

www.theallpapers.com

**Oefening 2: Vraag 21**

Lees die berig oor heroïne en maak ’n opsomming van **ongeveer 80 woorde** waarin jy die uitwerking van heroïne op misbruikers beskryf. Hoewel jy van die feite in die berig gebruik moet maak, moet die opsomming in jou **eie woorde** wees.

# Heroïne moor wêreldwyd

**Ollie Joubert (Hoof: Nova Vita Rehabilitasiesentrum Windhoek)**

Die aakligste langtermyn effek van heroïne is die verslawing self. Heroïne vervaardig erge grade van fisieke afhanklikheid en toleransie selfs ná die eerste gebruik. Die “high” gevoel en begeerte daarna is normaalweg die motiverende faktore vir kompulsiewe gebruik en misbruik. Stadigaan spandeer misbruikers meer en meer tyd en al hul energie op die gebruik en aanskaffing van die dwelm.

Heroïneverslaafdes se primêre (en enigste) doel in die lewe is om heroïne in die hande te kry en te gebruik. Vir hulle voel dit asof dit letterlik hul brein verander en hul enigste god geword het.

Die aanvanklike gevoel wat heroïne veroorsaak, word normaalweg vergesel van ’n warm gevoel en NIKS voorheen of daarna kan daarmee vergelyk nie.

Sowat drie ure ná die aanvanklike inname volg ’n droë mond, ’n swaar gevoel wat vergesel word van naarheid asook ’n jeukerige gesig en liggaam en moegheid wat ’n paar uur duur. Geestelike, kardiale en asemhalingsfunksies word belemmer soos die heroïne die bloedstroom en senuweestelsel binnedring. Dit is juis die sterk euforiese gevoel wat gebruikers vasvang.

Volgens gebruikers ontwikkel die fisieke afhanklikheid oor tyd, maar die werklikheid is dat jy binne die eerste dag of twee reeds afhanklik is.

Onttrekkingsimptome sluit in verskriklike been- en spierpyn, slaaploosheid en rusteloosheid, braking, hoendervleis, sweet en diarree. Dit kan ’n paar dae aanhou, maar sommige mense ly selfs langer aan onttrekkingsimptome.

Diegene wat die dwelm gebruik, loop altyd die risiko van ’n oordosis omdat die hoeveelheid en suiwerheid van die middel nie akkuraat bepaal kan word nie. Tekens van oordosering sluit in stadige en diep asemhaling, natterige vel en ’n koma.

Ingespuite heroïne lewer die grootste intensiteit en vinnigste effekte. Wanneer dit gesnuif of gerook word, tree die eerste effekte eers binne 10 tot 15 minute in. Afgesien daarvan is al drie gebruiksvorms ewe verslawend. Gebruikers wat snuif of rook, spring wel die risiko van siektes soos MIV/Vigs en hepatitis wat deur spuitnaalde opgedoen kan word vry, hoewel hulle nog steeds die risiko van ’n oordosis en dood in die oë staar.


www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

[Totaal: 8]


www.theallpapers.com

**Oefening 3: Vraag 22–23**

Lees die volgende berig en beantwoord vraag 22 en 23.

# Gif, die vyand van roofvoëls

**Anoeschka von Meck**

Van die grootste bedreigings vir roofvoëlbevolkings is die onverantwoordelike gebruik van gif en die misbruik van ander landbouchemikalieë.

Alle voëls is uiters sensitief vir gifstowwe en plaagdoders. Die afname in roofvoëlgetalle word direk verbind aan die onverantwoordelike oningeligte gebruik van gif om soogdierroofdiere te beheer. Al gebruik slegs ’n paar boere gif of landbouchemikalieë op hierdie manier, kan dit die voortbestaan van groot aasvretende roofvoëls in Namibië beïnvloed.

Vroeg in Desember is ’n vyfde dooie swartaasvoël gevind. Dit is ná vergiftige voëls ook in September en nóg twee in Oktober ontdek is.

Die Wildlewe Trust vir Bedreigde Spesies en sy filiaal, die Aasvoëlstudiegroep (VSG), is bekommerd oor die situasie, aangesien swartaasvoëls vyf tot ses jaar neem om seksuele volwassenheid te bereik. Selfs dan lê hulle net een eier op ’n keer en ’n broeisiklus kan amper twaalf maande duur. Dit verhinder dat swartaasvoëls, soos sommige kleiner roofvoëls, meer eiers lê wanneer hul bevolkingsgetalle afneem of die omgewing meer gunstig is.

Van die twee en twintig spesies aasvoëls wat wêreldwyd voorkom, word elf in Afrika aangetref, waarvan nege in suidelike Afrika en sewe soorte in Namibië om oorlewing veg. Roofvoëls speel ’n belangrike rol in die ekosisteem en hul voorkoms in ’n gebied hou baie voordele in. Migrerende roofvoëls in Namibië vreet byvoorbeeld bykans ’n miljoen kilogram termiete per jaar. ’n Witkruisarendpaar vreet weer jaarliks tot driehonderd en vyftig dassies wat gelykstaande aan weiveld vir twee en twintig skape is. Arende vreet boonop jakkalse en rooikatte. Slangarende vreet ook giftige slange soos kobras en mambas. Sodoende beheer roofvoëls die bevolkingsgetalle van klein soogdiere.

Aasvretende roofvoëls dra verder tot die higiëne van ’n plaas by deurdat hulle die uitbreek van siektes verminder met die eet van dooie diere en die aas op nageboorte. Hulle maak die boer ook bewus van dooie diere in sy veld en wanneer hulle uitgewis word, ly die hele ekologiese stelsel skade deurdat ’n noodsaaklike skakel verbreek word.

© MBESC Namibia 2005

www.theallpapers.com

For Examiner's Use

**22** Noem **twee** redes waarom daar veral kommer bestaan oor die voortbestaan van die swartaasvoëls.

.......................................................................................................................... [1]

.......................................................................................................................... [1]

**23** Maak 'n opsomming van **ongeveer 60 woorde** oor die voordele wat roofvoëls vir die natuur en die mens inhou.

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

.......................................................................................................................... [5]

[Totaal : 7]


www.theallpapers.com

For Examiner's Use

## AFDELING 3

**Oefening 1: Vraag 24**

Jy is nou alreeds 6 maande op ’n verlate eiland gestrand. Jy het nog een bladsy en ’n pen. Maak dagboekinskrywings van die vier belangrikste/interessantste dae wat jy op die eiland ondervind het.

Jou skryfstuk moet uit ongeveer 150 woorde bestaan.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 12]

© MBESC Namibia 2005

www.theallpapers.com

For Examiner's Use

**Oefening 2: Vraag 25**

Die tieners van vandag meen ’n selfoon is ’n noodsaaklike bykomstigheid as jy enigsins iemand is. Wat is jou mening hieroor?

Lewer ’n skryfstuk van ongeveer 200 woorde. Jy kan van die onderstaande gedagtes gebruik maak:

- Redes waarom tieners selfone wil/moet hê
- Die soort selfoon – maak dit saak?
- Voor- en nadele verbonde aan ’n selfoon
- Selfoonetiket

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 16]


www.theallpapers.com

For Examiner's Use

**Oefening 3: Vraag 26**

> Hier is u kans om 'n verskil te maak aan die algemene moedeloosheid wat die land beetgepak het. Van vandag af stel ons weekliks N$/R500 beskikbaar aan 'n leser wat aan ons die beste GOEIE NUUS stuur!
>
> Lesers word genooi om ons te laat weet van goeie nuus waarvan hulle weet – iets soos 'n heldedaad, 'n oorwinning in 'n stryd wat onmoontlik gelyk het of 'n klein blykie van medemenslikheid wat weer die glimlag teruggebring het op iemand se gesig wat lank net verdriet geken het.
>
> Onthou asseblief, die soort goeie nuus waarin ons belangstel, is nie daardie grootste pampoen wat iemand iewers gekweek het of die feit dat 'n ouma of oupa iewers negentig geword het nie.
>
> Ons wil hoor van daardie dinge in u omgewing wat mense die kop laat skud en laat sê daar is nog baie waarvoor 'n mens dankbaar kan wees.

Die bostaande inligting het in 'n plaaslike koerant verskyn. Jy is seker jy weet van iets waarmee jy die N$/R500 kan wen. Vertel daarvan en onthou om jou skryfstuk van 'n titel te voorsien! Jy mag nie meer as 200 woorde skryf nie.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................



www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 12]



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



www.theallpapers.com